**11 JULIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 61 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 61:2, 3, 4**

## In Gevaar? Bid Tot God!

Is jy bang? Is jou lewe in gevaar? Is jy uitgeput van angs, vrees en spanning? Is jy besig om te vlug vir jou lewe? Dit is wat met Dawid gebeur wanneer hy die psalm skryf. Dawid beleef ‘n smartvolle, maar ook ‘n angsvolle tyd in sy lewe. Sy seun Absalom wil hom doodmaak en hy vlug vir sy lewe. Sy hart is vol smart en hy is geheel en al sonder hoop. Hy voel hy het aan die einde van sy kragte gekom.

Ver van sy huis en die tempel in Jerusalem roep hy in sy nood na God. Hy bid dat God hom op ‘n rots sal bring waar hy veilig sal wees, veilig teen die verwoede planne van sy seun. Hy bid ook vir ‘n plek waar hy rustigheid kan vind, ‘n plek waar hy in die teenwoordigheid van God kan rus en veilig kan skuil onder sy vleuels.

Soms gebeur dit ook met ons dat ons onveilig voel in ons situasie en dat ons so weerloos is teen die gevare daarbuite. Vir die kind van God is daar in sulke omstandighede net een toevlug. Dit is om die Here aan te roep in die gebed en by die Here skuiling te soek, want uiteindelik is dit net die Here wat jou kan bewaar teen alle gevaar. Ons lees in Psalm 121:7-8: “Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.”

*Sing: Psalm 121:2, 3* *Ds Peet van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)*